**Die bewaringsverbond met Noag (2) – God se opdragte**

**Gen 9:1-7**

**9 Julie 2023**

1. Vantevore: Verbond met Noag is ook die bewaringsverbond – Die Here bewaar Noag/gesin/diere tydens die vloed. Na die vloed beloof die Here om die aarde te bewaar tot die einde toe en om tot dan nie weer te oordeel soos met die vloed nie. Die Here stel oordeel uit om so genadetyd te skep vir implementering van Sy verlossingsplan. Reënboog is die verbondsteken om die Here te herinner. Noagverbond is 'n genadeverbond en universele verbond met alle vlees op aarde (Gen 9:17)
2. God se opdragte aan Noag en sy seuns as deel van die bewaringsverbond (Gen 9:1-7)
    a. Opdragte in skeppingsverbond: (1) Vermeerder en vul (2) heers/onderwerp die aarde, bewerk en bewaak die tuin (3) sewende dag as rusdag (4) onvoorwaardelike gehoorsaamheid
    b. Opdragte in verbond met Adam: (1) Vermeerder en vul – al is dit met pyn (2) heers/onderwerp die aarde – al is dit 'n geswoeg (3) rusdag nie prominent nie (4) onvoorwaardelike gehoorsaamheid
    c. Opdragte in verbond met Noag: (1) Vermeerder en vul (Gen 9:1,7,19) (2) Diere is in Noag-hulle se hande (Gen 9:2) en mag geëet word (Gen 9:3) = heersersrol (3) rusdag nie prominent nie (4) onvoorwaardelike gehoorsaamheid
3. Die klem op lewe (Gen 9:1-7)
    a. Gen 9:1,7 – vermeerdering van menselewens (reeds in Gen 1)
    b. Gen 9:2 – menselewens is hoër as dierelewens (reeds in Gen 1)
    c. Gen 9:3-4 – onderhouding van menselewens (reeds in Gen 1)
    d. Gen 9:5-6 – bewaring van menselewens (nuwe fokus)
        - Moet herhaling van Kain/Lameg voorkom (Gen 4:9, 23-24)
        - Bewaringsmeganisme om toename in boosheid te stuit (Gen 8:21)
4. Die klem op die bewaring van lewe (Gen 9:2-7)
    a. Gen 9:2 – vrees in diere dra by tot bewaring van menselewens
    b. Gen 9:3 – menselewens mag bewaar word deur diere te eet
    c. Gen 9:4 – mense mag nie bloed eet nie: bloed = lewe (Lev 17:13-14)
        - Bloed is gawe van God om versoening te bewerk (Lev 17:11)
    d. Gen 9:5 – As 'n menselewe geneem word, eis die Here 'n lewe
        - As dier verantwoordelik was, moet hy sterf (Eks 21:28)
        - As mens verantwoordelik was, moet hy sterf
    e. Gen 9:6a – Moordenaar se lewe moet deur 'n mens geneem word
        - OT: Bloedwreker moet moordenaar se lewe neem (Num 35:16-21), mag begenadig word as dit onopsetlik was (Num 35:22-25, Deut 19:15), maar nie net uit jammerte nie (Deut 19:13, Num 35:33)
        - NT: Owerhede het die swaard van God ontvang (Rom 13:1-4)
    f. Gen 9:6b – Moordenaars moet sterf, want hulle het mens wat God se beeld vertoon, doodgemaak
5. Implikasies
    a. Doodstraf is Bybels geregverdig
        - Noagverbond is universele verbond met alle vlees
        - Doodstraf se doel is juis om boosheid te stuit en menselewens te bewaar
    b. Die skepping moet ook bewaar word – sodat die mensdom kan vermeerder